

## DIE EPILOOG VAN DIE OPENBARING AAN JOHANNES

(22:6-21)

*Bethel Müller*

## I EKSEGETIESE OPMERKINGE

Aangesien die epiloog eintlik 'n samevatting van die sentrale boodskap van die hele boek is (vgl Hendriksen, 208), is dit nodig om te vra wat hierdie sentrale bedoeling is. Dit is in sy eie woorde 'n "profetiese boek" (1:3, 22:7,10,18) wat deur die gemeente "ter harte" geneem moet word (weer 1:3; 22:7) omdat dit aan die gemeente in die groot verdrukking vertel "wat binnekort moet gebeur" (1:1; 22:6) of dat die "eindtyd naby" is (1:3; 22:10). In hulle lyding vir die evangelie moet hulle vanuit hierdie *nabyheid* gemotiveer word om daarin te volhard en te weet dat hierdie lyding 'n essensiële deel is van God se plan wat strek oor die hele geskiedenis van skepping tot herskepping; dis 'n deel van die worstelstryd teen die Bese, waarin die Lam triomfeer deur kruis en opstanding heen (5:5,6; 12:7ev). Treffend stel Mounce dit: "The Old Testament predicts the smashing of the nations with an iron bar, but the only weapon the Lamb wields is his own Cross and the martyrdom of his followers (ii.27; xii.5; xix.15). The seven spirits of God can be let loose into the world only as the eyes of the Lamb (i.4; iii.1; iv.5; v.6). The Red Sea through which the followers of the Lamb must achieve their new Exodus is the bloodbath of their own martyrdom (xv.2). The monster from the abyss can be conquered only by being allowed to conquer and so to burn itself out (xiii.7); and the perfection of the holy city, into which nothing unclean is allowed to enter, is achieved by allowing evil to exhaust its strength in unavailing attacks on the people of God (293). .... the repeated attacks upon the ungodly world order by all the armament of heaven, which occupy so large a part of John's book, are designed not to destroy or to punish, but only to penetrate the defences which the world has erected against the rule of God. The dethronement of the monster and the fall of Babylon are necessary parts of God's redemptive plan, if the vast populations they have deluded and seduced are to be set free for the kingdom of God. And the secret weapon by which God means to achieve this end is the death of his martyr servants. Only in this way can the nations be liberated from the deceptions of Satan (xx.3)" (300). As die Oorwinnaar heers Hy in die midde van Sy gemeente (1:6,9) deur wie Hy die geskiedenis tot 'n sinvolle ontsluiting bring. Daarom dat in die geweldige "troonliturgie" van Openb 5 die 24 ouderlinge as verteenwoordigers van die kerk wat Hy "tot priesters gemaak het" (1:6) die hele skepping lei in die aanbidding en diens van God (5:13). Hierdie liturgie in die hemel mond uit in 'n geweld-

dige liturgie op die aarde - en dit vind ons in die epiloog wat ons meen alleen in sy diepte verstaan kon word as liturgiese dialoog wat vanuit die hemel aangevoer word. Diagrammaties lyk die patroon as volg:

HEMELSE AKSIE	HEMELSE LITURG	AARDSE REAKSIE	ESKATOLOGIESE MOTIVERING
1 <i>Inleidende Profesie vanuit Hemel</i>			
gewaarborg	Engel	vir dienaars	wat gou moet gebeur
2 <i>Liturgiese ontknoping</i>			
Kyk, Ek kom gou	Jesus self	Saligsprekinge ter harte neem moenie verseël	die eindtyd is naby
		Skeiding: heiliges en onheiliges	
3 <i>Liturgiese versameling</i>			
Kyk, Ek kom gou	Jesus self	Versamel ge= meente van ge= troues	Ek is die Eerste en die Laaste
		Skeiding: in stad en buite	
4 <i>Liturgiese Bede</i>			
Ek is die Af= stammeling van Dawid ... Môrester	Jesus en Engel	Die Geesgewerk= te bede na bo	Die sug van die Gees
		Die missiolo= giese bede sy= waarts	
5 <i>Liturgiese Konsentrasie</i>			
Ja, Ek kom gou	Jesus	Amen, Kom Here Jesus	
<i>Benediksie</i>			

# 1 Die liturgiese inleiding (6)

Die hele aksie van die profetiese woord aan die gemeente gaan uit van God (letterlik van "die Here God van die geeste van die profete"); dit is Hý wat hulle inspireer. Die instrument en draer (liturg) is weereens die engel wat die boodskap oordra aan God se dienaars, d i die gemeente wat as lampe voor God se aangesig voor die wêreld moet staan en met lippe en lewe moet ge-

tuig (11:3ev). En waaroor gaan dit? Oor dit wat "binnekort moet gebeur", die samevatting, die konsentraat van al die boodskappe van die begin tot die einde van die lang heilsproses wat nou sy goddelike vervulling, voltooiing tegemoet snel. "The end and the beginning are but two perspectives on the same great adventure" (Mounce, 390).

## 2 Liturgiese Ontknoping (7-10)

Die belofte dat hierdie samebundeling van die absoluut betroubare profetiese woord "binnekort" openbaar gemaak sal word, word uit die hemel begroet met die eerste van drie soortgelyke uitroepe: "Kyk, Ek kom gou!" (*Tachus* = vinnig, sonder vertraging; vgl ook 2:16; 3:11; 16:15). Christus neem as liturg oor by die engel. Nie 'n boodskap vanuit die hemel, nie 'n geweldige gebeurtenis, maar 'n Persoon, die lewende Heer kom! Hy is op hande! Dit is die kern van alle liturgie! Daarvan kan die gemeente leef te midde van die hel van verdrukking. Dit is die kern van die boodskap wat op aarde weerklink: daárom en daarom alléén is elk=een "geseënd" wat die woorde van die boek "ter harte neem" (ou vertaling wat dit "bewaar": die woorde van die boek moet *in die hart* bewaar word; dit is die laaste van die sewe saligsprekinge, gerig aan hulle wat moet vasstaan in die groot verdrukking wat voorlê - 1:3; 13:13; ens; sien Hendriksen 207). Die profetiese woord in die hart gee uithouvermoë, gee "hart" vir die stryd, bewaar die hart (Fil 4:7), bewaar die gemeente van hartversaking en hartkloppinge .... Juis omdat die "eindtyd naby" is (10), omdat die stryd voorlê, moet die woorde daarvan nie geheim gehou word nie (vgl die kontras met Dan 8:26; 12:4; 10:14 praat van 'n gesig wat sien op 'n "verre toekoms"). Die boodskap word opnuut *eskatologies gemotiveer*. Die "nabyheid" van die eindtyd maak juis die boodskap van die boek dringend, aktueel want die profetiese boodskap "is soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn. Julle sal goed doen as julle in sy lig bly totdat die dag aanbreek en die môrester (vgl Openb 22:16!) opkom in julle harte" (2 Pet 1:19). Die nabyheid *funksioneer hermeneuties*: dit laat die boek oop=gaan ...! Die gevaar is juis groot dat die gemeente onder die betowering van die voortgaande wêreldgeskiedenis sal kom as die boek geslote bly - dan bly die hemel ook geslote, dan raak hulle perspektief na bo dof, en dán verstom die liturgie op aarde. Tereg waarsku Frey teen die gevaar van die boek tussen "twee swart bladsye" geslote te hou, allerlei meditasies en spekulasies daarop na te hou, dit te onderwerp aan allerlei ontmitologieserings=programme .... "Die Kirche soll darüber predigen und davon lehren, von den Kanzeln ...." (232). Die nabyheid funksioneer ook op 'n ander wyse *hermeneuties* as dit die boek se boodskap 'n bepaalde *effek* bewerk: lewensverandering in die lig van die nabyheid is nie meer moontlik nie: die kwaaddoeners se kwaad loop nou net steil en al sterker na benede; die regdoeners se gang

word al steiler maar dan ook sterker na bo (Hendriksen, 208 ev oor die twee betekenis van "laat" - hier as 'n "positiewe aanspooring" om met die kwaad/heiliging voort te gaan). In die lig van die nabyheid word die beslissinge wat gefel is nou bestendig, vasgemaak (vgl 2 Pet 1:10). Die skeiding van die weë word helder en duidelik afgeteken - daar is nou geen middeleg meer oor nie!

### 3 Die liturgiese versameling (12-14)

Weer word die volgende liturgiese golf beweeg vanuit die hemelse roep: "Kyk, Ek kom gou!" waarin Christus opnuut die hemelse liturg is. Hierdie koms van Hom sal 'n geweldige aksie op die aarde aan die gang sit: "Ek bring die loon saam met My" (12). Om dit te verstaan moet ons blaai na die baie interessante parallel in Jes 40:10: "Kyk, sy loon is by Hom, en sy beloning is voor sy aangesig". Die profeet Jesaja het daarmee in gedagte die nuwe exodus wat God as die getroue Herder gaan bewerk uit die ballingskap. Die "loon" wat Hy bring is sy *kudde* wat Hy vir Homself losgekoop het, wat Hy nou laat "wei" nadat Hy hulle "vergader" het (Jes 40:11, 2 Pet 1:10; Caird, 284). In die hele verband is dit duidelik dat Christus wat "kom", juis dít so sal doen as Hy kom: die Godsvolk word versamel in die heilige stad (14). Ook hier word die hele aksie op aarde eskatologies gedra en gemotiveer deur Hom wat "die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde" is en in wie die groot heilsplan van God sy volmaakte vervulling en eindpunt vind. Opnuut vind daar weet 'n saligspreking plaas t o v hulle "wat hulle klere (voortdurend: vgl die aoristos werkwoord-vorm) was". Hierdie gedeelte word m i dikwels verkeerdlik eensydig spiritualisties gedui asof dit te make het met die reiniging van die onreine dinge wat ons voortdurend aantast (vgl Hendriksen, 209: "Teder draagte een kleeid met zich ... dat kleeid is uw karakter!"; vgl Morris, 260; Schlatter, 340; daarvoor sterwe Jesus om ons dié reinheid te skenk wat ons nie voor God het nie). Saam met Mounce, 293, moet ons die antwoord vind in die verklaring wat Openbaring self in 7:13,14 gee: "Hierdie mense met die wit klere aan ... is dié wat uit die groot verdrukking kom. Hulle het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam." Treffend stel Caird dit: "... that is, those who face martyrdom in the confidence that the Cross is the sign of God's victory over evil without and evil within" (285).

Net soos in die vorige tafereel word die *skeiding* duidelik voltrek, maar nou nie net meer m b t hulle handelswyse nie, maar óók m b t hulle *bestemming*: die gemeente van die getroues word versamel in die heilige stad met toegang tot die boom van die lewe - terwyl die ander, die "honde" buitekant (vgl 21:8; oor hond vgl Deut 23:18; Matt 15:22) is! Hier op aarde mag hulle

nog skouer aan skouer in Laodicea lewe, maar in die lig van die eskatologiese samebundeling is hulle binne - en buite!

#### 4 Liturgiese Bede (16-19)

'n Geroep ontstaan op die aarde (kom ... kom ... kom). Uit die hele verband is dit duidelik dat dit 'n antwoord is op die dubbele roep wat vanaf die hemel reeds gekom het (Kyk, Ek kom gou!). Maar waarom nou eers? Iets ontsluit hierdie geroep op die aarde! Die selfbekendstelling van die hemelse Liturg doen dit: "Ek is die Afstammeling, die Nakomeling van Dawid. Ek is die helder Mōrester." Dit gaan in hierdie name eerstens om Jesus se verband met die *verlede*: Hy is die wortel en die geslag van Dawid, die Sionskoning. Dawid dien as die Archetipe (Caird, 286; verder Frey, 235; Schlatter, 341) van die Messiaskoning wat sou kom (vgl Jes 11:1; Jer 37:24 ev; Hos 3:5; Amos 9:11). Maar dit gaan ook om die *toekoms*; die mōrester as aanduiding dat die nag, ook die nag van vervolging, verby is, dat 'n nuwe dag aanbreek, onkeerbaar, onstuitbaar (vgl Rom 13:12) - "... a new day so sorely needed by John's hard-pressed readers" (Morris, 261). Baie sien hierin ook 'n vervulling van die profesie van Bileam: "... 'n ster kom te voorskyn uit Jakob" (Num 24:17; vgl Bruce, 666: "... in the Qumran texts Num 24:17 is a recurring *testimonium* of the messianic warrior of the endtime").

Hierdie name waarmee die hemelse Liturg Homself aandui, wek dus geweldige assosiasies van verwagting op en vind hulle weerklank op aarde as "die Gees en die bruid" daarop roep en sê: "Kom!" Maar nou is die vraag: *wie* moet kom? Hierop is twee antwoorde gegee:

a hulle wat dit sien as 'n uitnodiging aan die wêreld (Ladd, 294), aan die "outsider" (Morris, 261); "... the first come! is addressed not to Christ, but to all comers" (Caird, 286). "It is the testimony of the church empowered by the Holy Spirit that constitutes the great evangelizing force of this age ... the threefold use of the present imperative ('come/let him come') serves to extend the invitation until that very moment when history will pass irrevocably into eternity and any further opportunity for decision will be past" (Mounce, 395; vir volledige literatuur oor hierdie twee standpunte sien Du Preez, 199).

b die Gees hou die hoop wakker in die bruidskerk (Rom 8:16); dit is nie goed dat die gemeente maar net weet watter kragte die geskiedenis beheer en tot sy vervulling roer nie - dit moet ook *bid* om die koms van Hom wat dit sal doen, hulle moet verlang, brandend verlang na Hom self (Schlatter, 341). Dit is juis die Gees van die Bruidegom, die Gees van Christus wat in haar woon (2:7,11,17 ens) wat die gemeente leer om te bid: "Kom Here Jesus" (Du Preez, 199).

Wanneer ons die liturgiese aard van die epiloog in aanmerking neem, sien ons dat hier sprake is van 'n dubbele koms: 'n vertikale en 'n "horisontale" roep. Die gemeente antwoord Hom wat nou al twee maal gesê het: "Kyk, Ek kom gou!" met 'n hartstogtelike, deur die Gees gewerkte roep! (Kom Here Jesus)! Maar hierdie liturgiese roep word sydelings gehoor in die wêreld (die heidene het by die ou christelike eredienste aan die sykante en agter gestaan: Du Preez, 200; hulle moet meegevoer word om saam te bid om die koms van die koning). Hierdie roepe van die gemeente weerklink dus ook sydelings en word voortgeplant na andere sodat ook hulle die "dors" voel en dan die uitnodiging hoor om te kom na die water! Die roepe, die dringende roepe laat ons ons dors besef, maak ons dorstig - en die dors laat ons roep na bô: Kom! ... dit laat ons hyg en sug (Rom 8:23), en die dors laat ons kom na die water! In hierdie roepe na bo word ruimte gemaak vir al ons menslike geroep en verwagtinge - en elke pynigende dors word in Sý koms gestil! "Wir wird nicht nur Bettler, die rufen müssen, sondern auch KönigsKinder, die nehmen dürfen" (Frey, 237).

Hiervan getuig die Gees met sy sugtinge in ons (Rom 8:16) en vir ons (8:26). Maar ook die Woord getuig daarvan: daarom moet met die woorde van hierdie profetiese boek nie getorring word nie (v 18,19). Gees en woord hou die roepstem wakker!

### 5 Liturgiese konsentrasie (20)

Die Liturg uit die hemel spreek die derde "Ek kom gou" en versier dit met 'n Amen wat dit voorafgaan: dit staan vas! Sowaar! Meer word nie gesê nie - want meer kán nie gesê word nie. Hieraan hang die hele boek, die hele evangelie, die hele kerk en die hele wêreld-geskiedenis. Daarop volg die kerk se laaste dringende antwoord op aarde: "Amen, kom Here Jesus!" (Maranatha! vgl 1 Kor 16:22). Die Maranathagebed is elke week uitgespreek by die nagmaal in die ou kerk waardeur die herinnering aan die dood van Christus (anamnese!) verbind is met die toekoms - 'n toekoms wat nie maar in die skoot van die kerk val nie, maar 'n dag waarop die gelowige met verwagting hom moet "haas" (2 Pet 3:13; vgl Berkouwer, 239; Kittel, TWNT VI, Maurer by *prosōkaō*, 725 ev; TWNT VII, Harder by *spoudazō*, 565). Meer kan die kerk ook nie roep nie. "It is the confession that the answers to the problems of life do not lie in man's ability to create a better world but in the return of the One whose sovereign power controls the course of human affairs" (Mounce, 396). Aan die einde bid die gemeente nie om iets wat moet gebeur nie, maar om Iemand wat moet kom: moet kom in die wêreld soos Hy week na week in die liturgie gekom het. Hier in die slot van die epiloog vind ons dit in sy suiwerste konsentrasie: dit sluit met die hemelse belofte wat die somtotaal van alle beloftes is en

met die aardse bede wat die somtotaal van alle gebede op aarde is (Schlatter, 342).

6 Met die benediksie (21) sluit die liturgie. Hoewel daar baie teksprobleme is (sien Metzger, 768 ev), is dit tog gepas dat die geweldige liturgiese dialoog vanuit die hemel gesluit word met die toesegging van die ryke genade van die Here Jesus vir almal wat op Hom wag en na Hom roep.

## II HERMENEUTIESE OPMERKINGE

1 Dit is belangrik om te let op die hermeneutiese rol wat die "nabyheid van die eindtyd" in elkeen van die liturgiese momente gespeel het. Dit skep natuurlik probleme i v m die vraag of hier sprake is van 'n sg "Naherwartung". Miskien moet ons luister na wat Mounce sê: "Revelation has enough riddles without our adding more" (391). Wat immers van belang is, is dat hier die nabyheid die nabyheid is van Hom wat voor die troon is met die boekrol in sy hand. Hierdie nabyheid van die einde het baie gestaltes: in die liturgie en in die stiltetyd, in krisis van die lewe, in die groot krisis van terminale siekte en dood; "the imminence of the end is moral rather than christological" (Bruce, 665). Maar daardie nabyheidsnuanses word gestimuleer en gemotiveer vanuit die werklikheid van die nabyheid van die einde - nou dat die Mōrester oor ons opgegaan het! Dit motiveer en "verklaar" alle ander vorme van sy verskyning.

2 Die noue verbinding tussen die Gees en die verwagte gemeente moet altyd behoue bly. Die Gees is Hy wat die enkeling wederbaar en hom invoeg in die gemeente van die Here: deur die Gees sê ons dat "Jesus is die Here" en in die liggaam word ons saam verbind, is ons "van die een Gees deurdrenk" - soos 'n land sopnat word, so word die gemeente deurdrenk van die Gees (1 Kor 12:3,13). Daarom roep hulle deur die Gees na hulle Here: nie alleen nie, maar saam, verbonde in 'n lewende organisme waarin dieselfde verlange polsend klop - soos dieselfde hartslag klop deur die are van die liggaam! So verlang elke deel van die bruidsliggaam na die Bruidegom!

## III HOMILETIESE OPMERKINGE

1 Nie alleen die wêreld, maar óók die kerk kan so ingeburger raak in die verloop van die tyd en in die verbygaande gedaante van hierdie wêreld (1 Kor 7:31) dat dit nie meer weet van sy bestemming nie. "Ze kan soms zó geboeid worden door al de taferelen van de dagelijkse dingen, dat ze vergeet waar ze heen gaat" (Bavinck, 231). Daarom kan rampe, droogtes en terroristaanslae soms terapeuties werk as dit ons van ons eie sekerhede

genees en ons herinner word aan die verganklikheid van die skyn=baar soliede wêreldorde. Dan begin ons weer van die eskatologie te lewe.

2 Die epiloog met sy geweldige liturgie is natuurlik 'n aansporing om doksologies te lewe op aarde en in die proses die praksiologie te vergeet. Dan leef die gemeente alleen van 'n verwagting en vergeet sy taak i v m die *soeke* na die koms van die Ryk en sy geregtigheid. Die ander gevaar is ewe groot: dat die bede om die Ryk vervang word deur 'n klem op allerlei konink=ryksaktiwiteite. Die prediking sal moet waak teen beide een=sydighede.

3 Die boek Openbaring praat so dikwels van die volharding - 'n volharding wat aan die werklikheid van die binnekort vashou midde-in hierdie lewe, wat *in* hierdie lewe leef van die kragte van die toekoms (Heb 6:5). "In deze waarlijk ontstuijgende gerichtheid ligt het geheim der eschatologische verwachting besloten" (Berkouwer, 271). Juis daarom kan die gemeente leef van die vaste beloftes van God, kan hy vasstaan en sy klere gedurig wit was terwyl dit leef in die grote verdrukking. Vanuit die sekerheid en vertroue dat hy nie beskaamd sal staan nie, staan die gemeente biddend en smekend - nie voor 'n toe deur nie, maar voor 'n geopende hemel! In elke muur op aarde is 'n venster ingebreek - en daarvoor staan ons om nie net na buite te kyk nie, maar na Bo.

#### BIBLIOGRAFIE

- Bavinck, J H *En voort wentelen de eeuwen*  
 Behm, J *Die Offenbarung des Johannes* (NTD)  
 Berkouwer, G C *De Wederkomst II*  
 Bruce, F F *The Revelation of John*  
 Caird, G B *The Revelation of St John*  
 Du Preez, J *Die koms van die Koninkryk volgens die Boek Openbaring*  
 Frey, H *Das Ziel aller Dinge*  
 Hendriksen, W *Visioenen der Voleinding*  
 Morris, L L *The Revelation of St John*  
 Mounce, R H *The Book of Revelation*  
 Schlatter, A *Briefe und Offenbarung des Johannes*